

Gedrukt aan „HET WESTEN”-DRUKKERIJ, Bus 196. Potchefstroom.

-: RACHEL :-

VERSE VAN TOTIUS,

MET VOORWOORD VAN PRESIDENT STEIJN.



Uitgever: A. H. KOOMANS, Bus 123, POTCHEFSTROOM.  
1913.

*Opgedra  
aan die vrouwe  
van Suid-Afrika.*

L.S.

Dit kan gevra worde, waarom ik van myn re'el awijk om hier 'n woord van aanbeveling te skrywe. Want enige gedig van Totius het tog bij ons volk g'n aanbeveling nodig. Die rede is dat die skrywer ons weer die diens het gedaan om die opbrengs van die gedig goedgunstelik vir die Monument af te staan. Die ondervinding het ons geleer, wat dit beteken vir die fonds.

Ik weet ook dat ik deur die juweel aan te beveel, myn volk 'n diens doen. Want niemand sal "Rachel" kan lees sonder om te voel, dat hij vir 'n tijdjie altans in 'n hoger en reiner atmosfeer het geleef.

"Rachel" is 'n wieg lied—nie om aan die slaap te sus, maar liever om wakker te skud. Ons word herinner aan die geween van die verlede en ons blik in die toekoms verskerp. Met 'n profetiese oog het die digter gesien, dat die toekoms van ons Land en ons Volk lê in die wieg. Die oplossing van onse meeste grote vraagstukke sal gevonde worde in die wieg. Dit is die wieg, wat traagheid en selfsug vernietig, wat die arbeid en die liefde bevorder, en wat ons Volk veredel en bewaar.

Hulde, driewerf hulde aan die Afrikaanse vrou en moeder, wat haar nie skaam nie en wat nie skrik nie vir die wieg, en wat altijd gereed is haarself en haar kroos voor Volk en Vaderland op te offer.

Moge onse staatsmanne lig geskonke word om sulke maatre'els te neem, waardeur die armste onder ons in staat gestel word om vrou en kinders deur eerlike arbeid goed te onderhou en op te voed.

Groot en swaar was ons verlies in die oorlog, maar die grootste en die swaarste was die dood van die 4,113 onskuldige vroue en 22,257 onskuldige kinders. Die verlies is nie te boreken nie.

Geen wonder dat ons ganse volk ween en dat onse Rachels nie getroos kon word.

Goddank dat die Heilige Skrif self seg : "Bedwing uwe stem van geween en uwe ogen van tranen, want er is loon voor uwen arbeid."



*Onze Rust, 22 September 1913.*



HET WESTENPROCESS

Maar nou hul strenge mart'laars-aangesigte.  
Smart ingetoom, staar in die blinde vert! (Pag. 72)

Daar ruis 'n lied van lang verlee,  
en stemme singend kom van ver;  
en immer ruis mijn siele mee  
met stimmelied uit lang verlee,  
uit d'eeuwe her.

Daar ruis 'n lied van lang verlee  
wanneer die wind so sag verrijs;  
en immer, buigend naar benee,  
die bometop sing klaaglik mee  
eenselfde wijs.

Daar ruis 'n lied van lang verlee  
in d'oseaan s'n maatgesang;  
en immer ruis die skulpies mee  
met d'eeuwelied van grote see—  
diep opgevang.

Og kon ik sing van lang verlee  
gelijk die skulpies so getrou,  
wat opgegaar, nog kleinlik gee  
die weerklang van 'n wereldsee—  
bij d'oor gehou.

Og, kon ik sing van lang verlee  
gelyk die dentak hoog in top,  
wat daar sijn naaldjies klein-verbree,  
opdat die wind sijn oue wee  
kan klaag daarop !

o, Kom tot mij uit lang verlee  
sangstemme kom uit droomgebied,  
deurruis mijn siel als awendbee  
van westewind, als verre see  
s'n golwelied !

En zij reisden van Beth-El; en er was nog een kleine streek lands om tot Efratha te komen; en Rachel baarde, en zij had het hard in haar baren.

En het geschiedde, als zij het hard had in haar baren, zo zeide de vroedvrouw tot haar: Vrees niet, want deze zoon zult gij ook hebben!

En het geschiedde als hare ziel uitging, (want zij stierf) dat zij zijn naam noemde Ben-oni; maar zijn vader noemde hem Benjamin.

Alzo stierf Rachel; en zij werd begraven aan de weg naar Efratha, hetwelk is Bethlehem.

En Jakob richtte een gedenkteken op boven haar graf: dit is het gedenkteken van Rachels graf tot op deze dag.

Gen. 35:16—20.

## LANGS HEUWELPAD EN DONKER DAL.

Langs heuwelpad en donker dal  
trek immer voort op Hebron aan,  
deur skuinse lig van middagval,  
aartsvaderlike karavaan.\*

Die oue weg is nie meer lang  
nie, wat sig wend naar Efratha;  
en stap-draf gaan bij maatgesang  
die kemels wat die laste dra.

Onvrindelike wesens met  
hul oge, wat kan vlam van nijd;  
en tog weer dienaars van die wet,  
wat hulle dwing tot diensbaarheid,  
  
in wildernisse, wijdgestrek,  
waar hul alleen die las kan draag  
met roue voet; en ruwe bek  
alleen die veldbos af kan knaag.

---

\* Karavaan—Reisgeselskap.

Die drijwer gaan hul aan die sijd',  
dragend 'n lange staf, waarmee,  
bij onwil of weerbarstigheid,  
hij dreigend sijn vermanings gee.

Stofwolke stijg op van omlaag  
bij menigvuldig voetgeswaai  
en blijf, van windjies ongejaag,  
hul om die donkre lijwe draai,

terwyl die late ligstraal speel  
hul deur die lange bene, en slaan  
op son-deurglangsde stofwolk heel  
'n lewendheid van skaduw-baan.

Aan weerskant trek die kuddes, swaar  
van allerhande vee; hul wei  
in haastigheid, dan hier dan daar,  
'n mondvol af en gaan verbij.

Verbij ook langs olijwe, wat  
in onverskilligheid staan staar  
op al die roering in die pad :  
nes oue manne staan hul daar!

Nabij en verder, laag aan laag,  
hul koppe kaal gebrand, verdroog  
en blind gewaai van stormvlaag—  
eeuwige heuwels rijs omhoog.

Reg agter wijk blou-wasig weg  
die berge van Jerusalem;  
en vore aanskou hul lieflik leg  
op tweeling-heuwels — Bethlehem.

Oudvader Jakob sien alree  
sijn swerwersdagtaak weer volbrag :  
sijn vrou en kinders, knegte en vee  
aan veil'ge stadspoort stil vernag !.....

---

So het ook bo mijn land verrijs  
die stofwolk van die wa'ens wat sleep  
en vee wat trek. Teen wintergrijs  
van lug en veld stijg rooie streep.

**Maar** dis g'n Jakob met sijn trek,

Wat saggies voer die lam en ooi,

**Moeder** en kind beskermend dek :

dis die vijandige konvooi,

wat vrouens vang en jaag te voet,

of kampwaarts rij te moege lijf;

skape laat wend in plasse bloed,

halfdood, en d'ander vreeslik drijf.

**Naar** gindse stad trek hulle vort,

dog waar g'n Bethlehem hul wag :

die bleke tente al sigbaar word,

waar graftal aanwas dag bij dag.

## DIE WEG.

o Slingrende weg  
                wat wijders sig wend!  
Simbool van die lewe  
                aan almal bekend.

Jou begin, ongekend,  
                is die mijne gelijk;  
jou einde als die mijne  
                in verborgenheid wijk.

Net daartusse-in  
                lê 'n klein stukkie maar,  
wat meteens aan ons bei  
                die dag kan verklaar.

Daar reis ons te same  
                en ik noem jou mijn vrynd,  
wat 'n gang vir mijn voet  
                deur die lewe wou vind;

want dwaal ik weg  
                  in die woestenij  
dan moet ik struikel  
                  en angste lij.

Tot ik jou weer sien  
                  en mijn hart sig verblij,  
als die pelgrims mij weer  
                  gaan groetend verbij. —

Die dunne stofdamp  
                  om ons luierig draai,  
dog digbij weer gaan lê  
                  op die bossies gewaai,  
  
en nooi ook ons beide,  
                  in sijn doen onbewus,  
om nie verder te gaan;  
                  sonder hoop, sonder lus !

Maar dan roep jij mij verder  
                  en reis selwers ook vort,  
o Aartspelgrim, wat  
                  nooit moeg nie kan word !

Wel voel ik mij soms  
                tog al te moeg;  
en moet dan eers rus  
                om weer verder te swoeg.

Maar jij help mij gewillig  
                in vrindskap se naam;  
selfs mijn laaste rusplek  
                sien ons twee nog te saam.

Daar neem jij verlaas  
                vrindlik afskeid van mij,  
en jou ligte streep  
                sien ik vèr-vèr verglij.

Ik blij daar agter—  
                ter ruste geleg;  
en die pelgrims praat  
                van “die graf bij die weg”!

## STEEDS VERDER TREK DIE KARAVAAN.

Steeds verder trek die karavaan,  
steeds lager sink die daglig heen,  
al harder por die drijwers aan  
en sneller klink hul lied meteen.

Hoog sit sij op haar kemel, in  
die saaltent, stewig aangegord —  
die skone vrou van vroege min,  
waar Jakob voor het slaaf geword.

Haar drijwer loop al langes maar  
om rijdier immer op te wek,  
of, als hij onheil mog gewaar,  
hom aan die haltertou te trek.

Die saal-gordijntjies, wat die gloed  
van middag keer, nou lossies hang  
en wieg op pas van kemelsvoet,  
op lugtig-lompe skommelgang;

terwyl haar mooie vroue-hoof  
sig heen en weer in saal s'n tent  
beweeg, als hoge bomeloof,  
van sagte wind op maat gewend.

Meteen, als die gordijntjies roer,  
en opegaan 'n smalle skreef,  
kan Jakob skramps naar binne loer  
of Rachel hom g'n handwenk geef

Dáárom sijn oog daar binne dring  
haar welvaart is nou ongewis.  
En — liefde is mees bekommerring  
want liefde is heil'ge derenis!..

Maar, kijk, daar skuif hij plots'ling af  
van sijn kameel en kommandeer,  
met heffing slegs van herderstaf,  
haastige halt vir heel sijn le'er!

DIE STAFA.

Wie hier op aarde 'n vreemd'ling is  
als Jakob, snij 'n veldhout af,  
en wandel so die wereld in —  
hij met sijn wand'laarstaf.

Waar hom die duisternis o'erval,  
strek hij sig so maar op die grond.  
Vol vrees vertroos hom dan sijn staf  
in somberheid van skaduwstond.

En als hij herder word dan dwaal  
sijn voet met dowwe veepad af,  
ver in die grote wildheid weg,  
en same dwaal — sijn staf.

Daar kan hij soms geboge sit  
als sorge druk hom al te seer;  
maar dan sijn staf rijs moedig en  
bowe sijn hoof wip op en neer.

Vermenigvuldig vee en goed  
en loop sijn dienstijd eindlik af,  
so loon hij trou die oue vriend —  
'n skepter word sijn staf !

Verhoog word hij, die simp'le hout,  
bo al die knegte, goed en vee.  
In herdersvors s'n hand kan hij  
met klem bevele gee.

En val die vors 'n liewe vrou  
gelijk 'n blom die boesem af,  
dan blijf sijn eerste liefde, en troos  
hom verder trou sijn staf.

Of word sijn vrinde hom ontrou,  
bedrieg hom selfs sijn eige saad, —  
hij klem sijn staf te vaster, wat  
hom nooit begeef nie, nooit verlaat

Selfs als die einde naak en hij  
gee biddend sijn bevéle af,  
so druk hij nóg die opperst' van  
sijn bewend-oue herderstaf.

En laat hij eindlik alles los,  
van net maar één wil hij nie af —  
hul sink te saam in ruste weg,  
die herder en sijn staf!

'N SKUDDING GAAN LANGS HELE RIJ.

'n Skudding gaan langs hele rij,  
nes eerste rukwind, hoog in boom;  
van vore kom hul kijkend bij,  
van agter dam die mensestroom.


Haar kemet kniel op streng bevel.  
Die kleine kop en lange nek —  
nes slange-boliff lijk dit wel —  
lê langs die gruispad heengestrek.


Die wonderheid van dieresoort,  
so stug en sterk, so'n majesteit —  
'n knapie lei hom aan 'n koord  
en laat hom kniel in minderheid!

Naar skaduwbome strompel sij  
deur Jakob ondersteun, terwyl  
op pale-spitse word berei  
vir haar die tent van swarte seil

op stille plek... Die karavaan  
toef ongelegerd daar nog lank  
als verder deur die rije gaan  
'n droef gerug : Rachel is krank!

Standvastiglik uit koppies-see gedenknaald\* rijs. (Pag. 94.)





Dog, sie! nou druk met zware voet 'n grafgebou die heil'ge plek. (Pag. 69.)

## OM SIEK TE WEES.

Om siek te wees  
en dan 'n bed te hê,  
o wat 'n weelde is dit!  
doodmoeg te wees en dan  
daarop te kan gaan lê —  
deurswak tot in die laaste lid!

Rillend van koue koors  
en klappertandend al,  
gou-gou nog uit te trek;  
met wilde drif  
haastig daar neer te val,  
warm toegedek;

dieper mij in te woel  
en stijwer toe te druk  
mijn koue skouerblad  
met dons- en wolkombers —  
wat 'n geluk,  
genieting selfs is dat!

Voel ik iets beter dan  
kijk ik al om mij rond,  
nou daar dan hier,  
en bestudeer die lijn  
van die plafond  
en van die muurpapier.

Die goedjies aan die muur,  
so doodt voor kort,  
kijk nou met lief gelaat;  
in innigheid het hul  
mij lewendig geword,  
hul moet nog net kan praat.

Nou voel ik eers hoedat  
mijn kamer is in klein  
'n wereld vol van lus;  
en hoe dit beter is  
ook klein te sijn,  
en dan dáárin te rus.

---

Om siek te wees  
en dan g'n bed te hê,  
g'n huis of wat —  
net veld, al veld, waarop  
jij moet gaan lê  
so langes-aan die pad.

Straks in 'n tent  
skaars vasgebind  
en skaars 'n meubelstuk;  
net met 'n aardebed  
en met die wind,  
wat aan die paal staan ruk!

Dus denk ik, Rachel, aan  
jou lot, en sal  
hul jou vol derenis  
herdenk —deur grootste smart  
so allerwreeds o'erval —  
solang daar wereld is.

Dus denk ik aan  
die Rachels van mijn land,  
wat sonder huis of hut —  
eers wreed o'erval — werd uit  
hul wonings uitgebrand,  
op vlaktes uitgeskud!

om daar alleen te krimp  
van moederwee;  
wel verderaan  
harde soldate, maar  
g'n Jakobs met hul mee  
om troostend bij te staan.

Hul het nie heengegaan  
in stille kamer nie,  
behaaglik klein,  
wat lang herinn'rings nog  
behou aan wie  
daar sag het weggekwijn.

In wije, wije wereld, ons  
so vreeslik leeg  
het hul gesterf,  
**maar** sie die laagtes het  
in minste windbeweeg  
die klaagtoon o'ergeërf.

**o** Veld, mijn veld,  
groot huis van hul verdriet,  
waarop mijn voet plots stuit  
**en oog** strak voor mij staar,  
wanneer die windelied  
mij breng hul sterfgeluid!

---

## DIE KARAVAAN VERTOEF NOG STEEDS.

Die karavaan vertoef nog steeds  
geduldig wagtend op die weg.  
So hier en daar 'n dier het reeds  
in korte rus sig heengeleg,  
  
totdat oplaas die order kom  
van legering, nie ver vanwaar  
Rachel sig wend in doodsangs, om  
haar Benjamin met smart te baar.

"En als sij baar het sij dit hard,"  
so lui die heilige verhaal. —  
En 'k sien benee nagskaduw swart,  
daarbo die sterre blinkend straal :

Die nag het bij haar bed gestaan  
Geboorte en Dood verbroederd saam;  
want als haar siel net uit sou gaan,  
sug sij : Benoni\* is sijn naam !

---

\* Benoni—seun van smart.

Jakob ijl snikkend uit haar tent,  
sig bergend diep in nag s'n skoot;  
intusse word alom bekend  
die treurberig : Rachel is dood !

---

Ook het die vrouens aangekom,  
waar d'ander lang gewees het al...  
Die son het als verlepte blom  
van winterhemel afgeval.

Die ander het bij hul kom smeek :  
„og, gee wat kleertjies en wat brood ?”...  
Van stem hoor hul, wat nooit afbreek,  
kampstem van siekte eers, dan van  
[dood.

Daarmee sig nóg 'n smartroep paar :  
“Ben-oni!” van uit sterwenspoort.  
Want daar die kranke Rachels baar,  
maar nooit 'n Benjamin kom voort.

Teen donker lug als agtergrond  
sien hul 'n donkre tentespits.  
Die treurgesusters dwaal daar rond...  
Bo'n ster geheimskrif flikkerblits.

### DIE STERRETJIE.

Goei nawend mijn sterretjie  
met jou vrydelike groet;  
jou weer te sien skitter  
doen mijn harte so goed!  
Ik staan net maar op  
van mijn lampe-liggie,  
en daar kijk ik verras  
in jou kindergesiggie.

Mijn kleintjies lê binne  
in hul droompies al :  
ik was bang dat die rijp  
in hul oogies sou val.  
Met wangetjies rond  
lê die slapende bloedjies  
glimlaggend te droom  
van hul spelegoedjies.

En jij speel maar hierbuite  
in die winternag!

En kom mij nog tege  
met jou olike lag!  
Jij weet van g'n nag  
g'n koue of vrese —  
klein ligtende, laggende,  
klein hemelse wese!

Jij speel in die nag  
om die aard te verblij;  
in mijn donkre berowing  
kom jij laggend tot mij.

En is dit mij netnou hierbuite te koud  
dan vlug ik geswind weer naar binne;  
maar jij blij, ongesien, nog skitter daarbo  
aan die hoge, hemelse tinne!

## **DIE LEWE SOMS 'N VLOEDSTROOM IS.**

Die lewe soms 'n vloedstroom is  
plots opgedam in diepe voor :  
die eerste waters stuit en gis,  
die agterstes sweef aan en o'er.

So ondervind dit Jakob, nou  
sijn altijd woel'ge lewensloop  
skielik en droef word opgehou  
voor onheilswal, hoog opgehoop.

Herinneringe aan liewe vrou  
sal nou vereers, en immer meer  
haar lewensbeeld, wesensgetrou,  
in lege boesem weer doen keer —

nou nog verward en sonder lijn  
als beeld, waar digtersiel naar grijp.  
En lieflik wil gekoesterd sijn  
vóór dit tot wesensvolheid rijp.

Hij sal voortaan roudrager wees  
sijn hele lewe lang, want ag !  
nie elke wonde op aarde genees,  
nie elke traan verkeer in lag.

En als hij sterwend, lange tijd  
daarna, leun op sijn kierie-knop  
dan doem uit die vergetelheid  
één lewensbeeld verlaas nog op :

“Als ik van Paddan het gekom,  
in Kanaän het rondgeswerf,  
en dit ’n klein streek lands was om  
Efrath te haal, het sij gesterf —

mijn Rachel, — en daar ginder het  
ik bij die weg haar graf gemaak.”  
Dus spreek hij, sittend op sijn bed,  
als Josef, Rachels seun, genaak.

## HERINNERINGE.

Herinneringe naak  
die harte heel van vèr,  
    hul haal die peinser in  
        daar waar sijn voet gaan staan;  
o'ersweef met naglans hom  
gelyk 'n awendster,  
    wat eers begin te lig  
        als dag is doodgedaan.

Herinneringe naak  
die balling als hij sit  
    op verre eiland en  
        versink in mijmerij;  
dan neem hij van die strand  
'n skulpie blinkend wit,  
    waarop hij „Liefde"-woord  
        in grote letters snij.

Dan sweef verneweld aan  
'n lange, witte, rij  
gestaltes, lossies-ijl  
in sluiers toegedraai;  
sommige klein en vèr  
nog, andere al nabij. —

Deur die gemoed, groot-oop,  
die wind van weemoed waai!

Wat kom hul dan ons breng,  
die wesens swewend swak?...

Wense van kindsheid en  
droom-ideaal van jeugd;  
denking aan lange druk  
van lewens-sorgepak;  
gedagte aan kort genot  
van goue beker-vreugd!

Toen hief Jakob zijne voeten op, en ging naar het land der kinderen van het Oosten.

En hij zag toe, en ziet, er was een put in het veld; en ziet, er waren drie kudden schapen nevens die nederliggende, want uit die put drenkten zij de kudden; en er was een grote steen op de mond van die put.

En derwaarts werden al de kudden verzameld, en zij wentelden de steen van de mond des puts, en drenkten de schapen; en legden de steen weder op de mond van die put, op de plaats.

Toen zei Jakob tot hen: Mijne broeders! van waar zijt gij? En zij zeiden: Wij zijn van Haran.

En hij zeide tot hen kent gij Laban, de zoon van Nahor? En zij zeiden: Wij kennen hem.

Voorts zeide hij tot hen: Is het wel met hem? En zij zeiden: Het is wel; en zie, Rachel, zijne dochter, komt met de schapen.

En hij zeide: Ziet, het is nog hoog dag, het is geen tijd, dat het vee verzameld worde; drenkt de schapen, en gaat heen, weidt dezelve.

Toen zeiden zij: Wij kunnen niet, totdat al de kudden samen zullen verzameld zijn, en dat men de steen van de mond des puts afwentele, opdat wij de schapen drenken.

Als hij nog met hen sprak, zo kwam Rachel met

de schapen, die haar vader toebehoorden, want zij was ene herderin.

En het geschiedde, als Jakob Rachel zag, de dochter van Laban, zijner moeders broeder, en de schapen van Laban, zijner moeders broeder, dat Jakob toetrad, en wentelde de steen van de mond des pnts, en drenkte de schapen van Laban, zijner moeders broeder.

En Jakob kuste Rachel; en hij hief zijne stem op en weende.

En Jakob gaf Rachel te kennen, dat hij een broeder van haar vader, en dat hij de zoon van Rebekka was. Toen liep zij heen en gaf het aan haar vader te kennen.

Doch Lea had tedere ogen; maar Rachel was schoon van gedaante, en schoon van aangezicht.

En Jakob had Rachel lief; en hij zeide: Ik zal u zeven jaren dienen, om Rachel, uwe klienste dochter.

Toen zeide Laban: Het is beter dat ik haar aan u geve, dan dat ik haar aan een' ander man geve; blijf bij mij.

Alzo diende Jakob om Rachel zeven jaren; en die waren in zijne ogen als enige dagen, omdat hij haar lief had.

Gen. 29:1—20.

## HIJ HET GEGAAN NAAR PADDAN HEEN.

Hij het gegaan naar Padan heen,  
al ooswaarts, die woestyne langs,  
en voel sig vreselik alleen.

Maar diep ontroerd, vol vlugters-angs

word hij verkwik bij Bethel, waar  
hij droom van lange hemel-leer,  
waarlangs die heilige engelskaar  
geruisloos trippel op en neer.

Hij lig sijn voet weer op en ijl  
al verderweg van vadershut,  
tot waar drie kuddes stil verwijl  
bij toegesloten waterput.

Gesloten gans met sware klip,  
wat plat en dig die diepte o'erglij,  
opdat nik's onreins in sou glip  
of stuif sand van die woestenij, —

gesloten tot die laaste kier  
teen vuur slag van 'n kwaai son,  
lê kaal als op mijn hande hier  
die altijd koele lawensbron.

Onopgesmuk, onopgemerk,  
met g'n uitwendig lokvertoon,  
maar innerlik 'n wonderwerk  
van laafnisvolte en diepheidskoon.

Sonder 'n klank wat opwaarts dring  
roep sij haar vee die weiveld uit;  
en sonder woord van koppeling  
lei sij die bruigom tot sijn bruid!

### DIE OUE PUT.

Ginds op 'n knoppie, wijdgelege,  
ver van die woel'ge werf en wege,  
armoedig lê en skaars beskut  
in middagslaap die oue put.

G'n vogel laat sijn lied daar klinke,  
g'n doringboom sijn skaduw sinke  
op leiklip-brokkies, wat lê braai  
in middaggloed s'n ligte laai.

Verwaarlosing s'n ongenade  
spreek uit die stukke pale en drade,  
waarbinne staan 'n slingerwiel :  
die toegang tot 'n diepe siel.

tot swijggeheim, wat waterwelle  
straks aan die veldé sal vertelle,  
als sag 'n windjie hul ontwek,  
voordat die kuddes bronwaarts trek.

Intusse daal van hemeltinne  
deur sombre skemering, daarbinne  
'n langgespanne silwerdraad,  
wat afglans op haar stil gelaat. —

'n Wijle en 't is al verlede —  
'n klippie duikel naar benede...  
Waar kom die wekkertjie vandaan?...  
Het d'awendkoeltjie dit gedaan?...

'n Wijlë en 't is al ontoering,  
en al te wrede rus-ontvoering;  
want opeslaan die deksel, wat  
ontsluit geheel haar koele skat.

Sij hoor nabij en nog van verre  
haar skapies dorstig aan kom blerre;  
sij open mild haar waterfles  
om al wat blèr die dors te les.

Dit put maar en sjij gee maar immer,  
dit put maar en sjij weiger nimmer,  
gelijk 'n moeder, so opreg,  
gee sjij haar laaste druppel weg!

Straks gaan die skapies almal hene  
en is die putters weer verdwene,  
en niemand denk dan langer om  
haar so vervalle heiligdom.

Haar lewe is als die moederlewe :  
bij ondank immer blij te gewe;  
maar 'k hoor, als hul is heengegaan  
dieponder tap... 'n watertraan!

## JAKOB DIE SIEN DIE KUDDES EN...

Jakob die sien die kuddes en  
loop nader waar die herders sit.  
Hij vra of hul vir Laban ken,  
Laban van Haran — altemit...

© Ja, hul ken hom al te goed,  
hij woon daar ook nie vèr vandaan.  
“En daar kom van sijn eige bloed,  
daar kom sijn dogter Rachel aan!”

Haar naam! — die het met verre doel  
sijn moeder lang nie meer verheel.  
En toen het donker voorgevoel  
sijn donker voorspel hom gespeel.

(Wat spook daar in 'n mens s'n hart  
al wondere geheimnis om,  
so duister en so klank-verward  
als snags in tempel-heiligdom!)

Daarna het alles weer gewijk —  
hij moes alléén die sandveld in;  
want worst'laars wat hul doel bereik  
moet wanhoop eers, voordat hul win. —

En toen?... Sijn liefde wou so graag  
met Rachel net alleen begin.  
Dies Jakob : "Broeders, drenk en jaag  
jul vee—dis hoog-dag—veldwaarts in!"

Terwyl hij spreek en maak of hij  
is danig met hul vee begaan,  
kom Rachel met haar veetjies bij  
die bornput al maar stapvoets aan,  
  
in bruin-gebrande glorie-tint  
van ope veld en sonneskijn,  
om nou 'n wijle als herderskind  
met ander herders saam te sijn.

Maar Jakob eet die wittebrood  
van hoogste lewensvreugd; en drink  
die bittre kelk van kwijningsdood,  
vir ware minnaars ingeskink.

## HOE DIE LIEFDE KOM.

Wie tree mijn binnekamer in —  
'n diensmaag of 'n koningin?...

Ik sien 'n owerwinningskroon,  
mijn Ik die sidder op sijn troon

van onbedwonge heerskappij,  
van selfsug, self-liefhebberij.

En dis g'n strijd, dis triomfeer;  
en ik, ik láát mij owerheer.

Maar dreigstem roep, als swaard gewet :  
“g'n overgaaf, net sterwe red!”

Toen het 'k mijn doodsgeskreeuw gehoord  
Nee, maar mijn kreet van weergeboort'.

Want uit mijn graf 'n spruite kom,  
en uit mijn asse ontluik die blom,

die violet, wat geur verspreid  
in stille selfverdokenheid...

Tree so mijn binnekamer **in**  
al-sterke Liefdeskoningin?...

---

Wie tree mijn binnekamer in?...  
'n Diensmaag of 'n koningin?...

Daar nader voel-voel naar mij toe  
'n wese, ik weet nie wie en hoe.

Soos wanneer winter al wil wijk,  
en lente al uit die bot wil kijk.

so sagte ontroering, en daarbij  
so soete ontwaking is dit mij.

Dis of tot sieke saggies naak  
verpleegster in die morrewaak.

Hij hoor haar nie, hij sien haar nie;  
hij voel iets maar nie wat of wie,

totdat haar hand hom onderglij,  
en d'ander breng wat laafnis bij,

en fluisterend haar stemme smeek :  
“Drink wat, die siekte het gebreek.”

Dan gaan twee oge kwijnend oop,  
waaragter glans 'n siel vol hoop.

Tree so mijn binnekamer in  
dienensgedwee, die soete min?...

## DIE KLIP BOWE OP DIE PUT IS SWAAR.

Die klip bowe op die put is swaar —  
skuifdeur van veil'ge brandkas, wat  
in dorre landstreek trou bewaar  
die silwermunt van bronnenat.

Die klip bowe op is dik en swaar.  
Die herders wag geduldiglik  
totdat die ander ook vergaar  
om hom dán van sijn plaas te skik.

Dan put en drink hul met hul vee;  
maar Rachel met haar skapies mag  
ook drink met al die ander mee,  
net om haar soete praat en lag.

Jakob kom nader en het toen, —  
bowenatuurlik aangegord, —  
bijna 'n wonderwerk gedoen,  
want liefde o'er hom vaardig word.

Hij buig sijn sterke lede krom —  
die stenedeur onmidlik wijk. —  
Hij drenk haar vee. — Sij staan verstom  
en doodverwonderd toe te kijk.

Terwyl sij so haar siele stel,  
gesloten knop voor d'oggendlig,  
ontplooig sig stil die kleurespel  
van rose, als skutblad langsaam swig.

Jakob loop nader en hij kus  
die oosters-skone blommeskat,  
en — sij's haar van nik's vreemds bewus. —  
Die herders seg malkander wat!

Die sterke en grote man, hij ween  
trane van vreugde en treurigheid :  
doudrappels sier die blomme alleen  
bij morrestond en awendtijd.

Daarna begin hij haar vertel  
wie dat hij is en waarvandaan;  
maar wie die diepre waterwel  
sijn teuge drink, dink daar nie aan.

Die jonge harte ken die smaak  
van self en vraag g'n waarborg van  
wat hulle so gelukkig maak  
en sonder nooit meer lewe kan.

LIEFDE.

Sinds paradijs het uit kom breke,  
toen vlak, nou diep, 'n wonderbeke,  
    en ag! die druppels is so soet!  
Adam sijn beker buig daarbinne  
en skep, wanneer hij sijn manninne,  
    sijn bruid, met sangstem gaan ontmoet.

Sedert kruip donker, diepverhole  
die druppels. Wyl hul word gestole,  
    bronwater nooit omhoog meer rijs.  
Onder die sluitsteen weggesonke,  
heilige lippe 't hul gedronke  
    alleen met moeite, putsgewijs.

Bowe op die grond lê witte hale  
van voetpaaie, uit die wije en vale  
    karrooveld — regtaan op die bron.  
Dit lijk wel naar die skemerbane  
van middaghoogte al ingegane,  
    dog nou omwolkte en koele son!

Ja, liefde alleen o'er wereldwije  
dorheid haar glanse wil verspreie,  
al gaan haar aangesigte skuil.  
Maar wie haar soek met stille skrede  
die vind haar aangesig benede  
versilwerd in die diepe kuil.

'k Begeef mij dan daar alle dage  
en laat mijn kruik met sorge omlage,  
tot koeling van verhitte bors.  
Want wie van daardie bron wil drinke  
moet altijd weer sijn koord laat sinke —  
wie lief het krij altijd weer dors !

Totdat sijn kruik ontglij sijn hande,  
hij liefdelus nie meer voel brande  
en nie meer kom die bultjie o'er ; —  
dan wend sig net so bronwaarts hene,  
brandend van dors, 'n ander éne :  
Die liefdespel begin van voor !

Ag, ag, die eindlose herhaling,  
immer-hernuwde kruikedaling,  
en dagelikse putgeswoeg!  
Ja, liefde-dors, skoon ongenese,  
is beter dan versadigd wese —  
maar ag, die dinge maak so moeg!

### **JAKOB HET BIJ DIE PUT GEKOM.**

Jakob het bij die put gekom  
'n vreemdeling net met sijn staf,  
tog glo die herderinne hom  
al van die eerste o'enblik af

met 'n geloof so wonderbaar, —  
van die geloof 'n beeltenis,  
waarmee die siel sigself laat vaar  
en tog vir eeuwig salig is.

Vertrouë op 'n woord alleen,  
met nijs nie om haar daad te staaf,  
**en** so naar donkre toekoms heen —  
vir so 'n min word Jakob slaaf!

Gegewe en tog nog nie verdien.  
Swaarswoegend tot die bruilofsfees.  
Altijd 'n martelend „misskien.”  
So wil 'n bruid verworwe wees!

Jakob sijn Rachel duur wil koop  
met vuurbeproefde goud van min;  
als jonkers nie, wat straatlangs loop  
en met hul flikkers harte win.

Hij soek g'n bruid met strik of lint,  
maar een wat swem in hemelbad  
vol frisse lug, 'n veldekind,  
wat drink haar wijn uit sonnevat...

Dies hom bij nag die vors verteer  
wit rongestrooi als manna-graan;  
bedags, om sonhitte af te keer,  
g'n boompies als sambreeltjies staan.

Wat wegraak moes hij skade lij  
en wat verskeur was moes hij boet;  
en daar kom die gesukkel bij  
met al die kleine lammer-goed.

Nogtans maak hom die sewe jaar  
nie moedeloos of sielesiek;  
dit is hom eenge dage maar, --  
so sê die heil'ge romantiek.

### HERDERSLIED.

Ik sing van 'n herder myn lied,  
van sijn blijdschap en veld-ellend,  
van sijn lange wagte  
bij dage en nagte,  
van sijn skone loon aan die end.

O'erdag bespoel hom die goue gloed  
van die son als 'n see;  
snags blink goue sand  
van die sterre-strand,  
of maanlig duine-skijnsel gee.

Die wije veld is sijn hemel,  
die skapies sijn wolkë is —  
al naar die kleur van die ene,  
en naar die ander drijf hene  
kan hij voor- of teenspoed gis.

Is sijn weiveld groen,  
o, dan voel hij so blij !  
Is die grouerig-hard  
of donker-swart,  
dan weet hij — dis honger lij.

Pak die skaap-wolkies saam :  
hoe sijn siel dan van vettigheid druip !  
Drijf hul ver uit mekaar,  
alhier en aldaar,  
dan weet hij dat dorheid sijn lewe bekruip.

Hij het g'n akkerveld, hij nie,  
sijn graan is die skaap sijn wol.  
En hij welig maai,  
maar hij nooit nie saai,  
sijn skure lê van sakke vol.

Bedroefd voel hij als westewind,  
stof-koud, laat agtermiddags waai,  
als hij op miershoop-tuit  
droefgeestig sit en fluit  
en skape rugwaarts wind-toe draai.

Sijn blijdskap is g'n blommetuin  
maar die morre laggend voor die hek;  
die morre wat sijn arms verbrei  
naar elke sij  
en sê : "hier's veld, hier's gras, hier's plek!"

So sing ik van 'n herder en  
mijn hart word so maar verlangend-wee;  
want ik weet die stille skape-wagte  
breng sagte lewe, en eindelik sagte  
en salige einde-vree.

### WANNEER 'N STOFSTORM DIG O'ERDEK.

Wanneer 'n stofstorm dig o'erdek  
'n reisgeselskap, dan vergaan  
hul heerlikheid, en alles trek  
die akelige stofkleed aan.

Fijnheid vergeefs sig wil ontskuil  
en met haar kant sig dekke wil,  
want oge staan omkring van vuil  
en hande-vel van dorheid gril.

Nou rijs uit Jakobs lewë op  
'n vreselike stormevlaag :  
ou sonde-stof in wild galop  
verrijs en agterna hom jaag !

Dubbel bedrog roep moordend luid  
te'en hom wat eers bedroge het.  
Dit tref hom in sijn loon, sijn bruid,  
in sijn aartsvaderlike bed.

Die stofkolk roep 'n ander, en  
dit warrel lelik deur mekaar :  
ik kan g'n Jakob meer beken,  
of soete Rachel meer gewaar.

Na sewe jaar van blije tijd —  
'n egte veld-idylletjie! —  
volg sewe jaar van vroue-nijd,  
van vroue-twis en jaloesie.

Maar Hij wat in die stof kan werk  
sijn eeuwework, wat kan deurskou  
die warreling — nou ongemerk  
die grondslag leg van reuse-bou :

Elf patriache — om te skraag  
'n glorievolk als luspaleis,  
om eens die Pronksteen hoog te draag —  
uit dowwe stofgrond nou verrijs.

## STOF.

Die luie stof. Hul het g'n voete, want  
net waar ik kom, daar leg  
hul al maar in mijn weg.

Of kom mijn voet hul te nabij  
dan skuif partij  
net effentjies op sij.

'n Rusbed vind hul oweral  
om lomerig op neer te val.  
Gras-sprietjie is hul nie te smal,  
wat langs die grootpad staan.

Die grootpad weer is nie te breed;  
kerksolder nie te eensaam, of  
die toring-dak te hoog gemeet.

Hul lê so rustig op die skoen  
van werkman, hard en uit fatsoen  
getrek al en verslijt —  
so rustig als  
in perlemoer van dames-oor  
of op haar blanke hals.

Net regen-druppels laat vir hul  
haastig op luie rusbed krul  
nes wurrems langs die grond.

Maar als die son sijn gloed hul vat,  
lê hul weer reguit en  
gee vir g'n wawiel pad.

---

Daar kom hul aan — dieselfde stof !  
Die lug is vuil, die son is dof.  
Dit lijk wel wonder-baing of  
die wereld wil vergaan —  
so kom hul aan !

Als bende ruiters, stoer en straf;  
als 'n kommande op stijwe draf,  
rij hul verward die grootpad af.

Hul trek hom vol, sijn lengte langs,  
versprei omhéén wildheid en angs  
en al naar vorentoe.

Die vrouens ruk die deur op slot;  
lie manne vlug op hoog gebod,  
reus-bome wals als skimme rond  
en wijk, met huisë in verbond  
naar ongewisse newelgrond —  
en 't is of stof alleen bestaan!

Stof, en sijn agterrijer, Wind,  
vat op sijn hakke jaag geswind,  
ul twee die drijf, van woede blind,  
stormenderhand,  
lie lug en landskap uit verband!

## 'K DAG RACHELS MOOIE LEWE IS WEG.

'k Dag Rachels mooie lewe is weg,  
die goue kroon 's haar storm-ontruk :  
haar lang-stil wag op herderskneg  
vergeefs, vergeefs haar min-geluk !

Maar nes 'n boom, met stof bestrooi,  
in voorjaar als die sappe swel  
die oue pluiens weet uit te gooи  
en als 'n slang-lijf gaan vervel,  
  
om weer te wijs sijn gladdigheid  
en sig met jongheid weer gaan tooi —  
so staan weer Rachel, stofbevrijd,  
en Rachel is maar al weer mooi,  
  
al sien ik om haar groene blaar  
reeds ijle waas van droefheid hang,  
al hoor ik deur haar takke vaar  
die eerste wind van weemoedsang. —

Haar glorie nimmer welke sal,  
want hoogheid soek sij nie van gees ;  
éen ding begeer sij — dit is al :  
*om moeder van 'n kroos te wees.*

G'n skoonheidsnaam op jubel-tij  
en lokking van 'n grote skaar,  
maar in haar tent stil tuis te blij,  
*salig in kindertjies te baar.*

Dog als die Heer haar nie gedenk  
nie, in sijn diepe raadsels-nag,  
waarin Hij d'ene kinders skenk,  
die ander te vergeefs laat wag, —

dan worstel sij met hemel bo,  
met aarde, en afgrond diep benee.  
Maar op haar storm-klag : „waarom so ?“  
niemand en niks 'n antwoord gee.

Totdat haar God die aarde o'erkom  
als nag; in swijgens-doen 'n weg  
sig baan en aan versmagte blom  
één doudrup uit sijn vrijmag heg!

Hoe juig sij dan : "gee meer, gee meer,  
„en laat mij nooit weer wees ontbloot;  
„bij U is kinders, gans groot heir :  
„ag, segen, segen weer mijn skoot!"

## DIE LIEWE POPPESPEL.

o Die liewe poppespel  
die verraai mij al te wel,  
wat haar in die hartjie leef!  
Self nog maar 'n kleine ding,  
sus sjíj al haar lieweling,  
waar die hartjie vas aan kleef!

Moeder winkel-toe moes loop  
om 'n poppie te gaan koop,—  
want ma kóóp haar bijbies mos!  
Lessie werd vooraf gelees  
hoedat poppetjie moet wees  
en wat poppetjie moet kos.

Rokketjie is gou-gou klaar;  
énetjie nog om te spaar,  
want dis aantrek urelang.  
Na die drukte kleine sus  
in haar arrems gaan ter rus  
onder egte slaap-gesang!

Rokkies word gewas, geblyk,  
natgespat en glad gestrijk,  
in die son weer uitgehang.  
Spesiale popperak  
word die goedjies ingepak.  
Dis 'n werskaf van belang!

Kindjie is dan ook al stout,  
krij 'n klappie op die bout,  
maar is danig gou weer soet i  
Moedertjie, so diep vererg,  
o'er die poppie sijn geterg,  
is ook dadelik weer goed.

Ag, die liewe poppespel  
die verraai mij al te wel  
wat haar eenmaal wese sal.  
Hartewens is allermees  
moedertjie eenmaal te wees,  
moedertjie, dit is sij ál!

En Jakob richtte een gedenkteken op boven haar graf : dit is het gedenkteken van Rachels' graf tot op deze dag. Gen. 35:20.

Zo zegt de Heere : *a* Er is een stem gehoord in Rama, een klage, een zeer bitter geween : Rachel weent over hare kinderen; zij weigert zich te laten troosten over hare kinderen, omdat zij niet zijn.

Zo zegt de Heere : Bedwing uwe stem van geween, en uwe oogen van tranen; want er is loon voor uw arbeid, spreekt de Heere; want zij zullen uit des vijands land wederkomen.

En er is verwachting voor uwe nakomelingen, spreekt de Heere; want uwe kinderen zullen wederkomen tot hunne landpale. Jer. 31:15—17.

Als Herodes zag, dat hij van de wijzen bedrogen was, toen werd hij zeer toornig, en *enigen* afgezonden hebbende, heeft omgebracht al de kinderen, die binnen Bethlehem, en in al deszelfs landpalen waren, van twee jaren oud en daaronder, naar de tijd, die hij van de wijzen maarstiglik onderzocht had.

Toen is vervuld geworden hetgeen gesproken is door de profeet Jeremia, zeggende :

*a* Ene stem is in Rama gehoord, geklag, geween en veel gekerm; Rachel beweende hare Kinderen, en wilde niet vertroost wezen, omdat zij niet zijn!

Mat. 2:16—18

## IK LEES AL VERDER VAN G'N LEED.

Ik lees al verder van g'n leed  
met uiterlik en groot misbaar,  
van vastedag noch sakke-kleed  
vóór Jakob weer verreis vandaar.

Daar staan alleen en simpel dat  
Jakob vir verre nageslag  
grafteken stig langs pelgrimspad;  
en : dis daar nog van dag-en-dag.

Die steenhoop ag !... Hij het alleen,  
sonder 'n Rachel, weggevlug.  
Sonder 'n Rachel — als voorheen ! —  
keer hij naar Isaks tent terug.

Die son gaan op, die son gaan neer  
en loop die onderwereld om;  
hij haas hom naar sijn opgang wéér  
en naar sijn nedergang wéérom !...

Maar nie vergeefs is hul volbrag :  
die omgang en die swerwerskring.  
Die son breng ons 'n ander dag,  
en Jakob : háár herinnering.

Dié steenhoop ja het grote loon :  
stammoeder kom naar heilige erf  
om immer bij haar saad te woon  
en nimmer, nimmer meer te sterf.

Vir wie die grootpad langes reis  
deur Efraths veld vol blomme en gras,  
die steenhoop droewe sterfplek wijs  
van wie waaragtig moeder was.

Nee, deur geslagte en eeuwe deur,  
als vijand swerf haar sterfland o'er,  
als moederharte word verskeur,  
omdat hul kinders word vermoor —

sal rijs in donkre lijdensnag,  
bo lage veld en heuwelkop,  
'n blanke suil vol weemoedsprag —  
Rachel's gedagtenis gaan op,

○ rein als diamante-glas,  
waarin g'n enkle spatjie sit.  
Deur eeuwe-spoeling, stofgewas,  
haar lewensbeeld rijs smetloos wit.

---

○ staan daar in mijn vaderland  
langs grote paaie, her en der,  
raftekens eerbiedvol geplant  
deur Jakobs — ballinge van ver —

ir Rachels wat in kindgeboort  
gesterf het op die weg, of bij  
ie skrikkelike kindermoord  
tot in die dood het meegelij.

ok hul gedagtenis is rein;  
en al maar reiner sal sij word  
ls tijd in nimmer-rustig-sijn  
sijn golwe o'er hul mooilewens stort.

SKULPIE VAN DIE SEE.

Ik is 'n skulpie van die see  
en spoel gedurig om en om,  
mijn moedersee het mij gewas,  
ik kan nie skoner kom.

Ik is gebore in stilligheid  
diep waar g'n golwe bruise  
vèr in 'n agterkamer van  
die see haar donkre, diepe huis.

Daar het ik lang geleef, geswerf;  
geslinger werd ik sonder doel.  
En eindlik, lang al weggesterf,  
het hier die see mij uitgespoel,

tot o'er die watermerk en toen  
laat lê om op mijn lot te wag —  
hier op die blanke oewerstrand  
in d'ope lig van sonnedag,

totdat 'n wandelaar sig o'er  
mij buig, en neem mij huiswaarts mee;  
waar 'k silwerrein, in eenvoud sier  
sijn hoge huis al bij die see.

## [ VERWIJL NOG DAAR IN STIL GEMOED.

'k Verwyl nog daar in stil gemoed  
en kan als Jakob nie vertrek.

Dog, sie! nou druk met sware voet  
'n grafgebou die heil'ge plek.

Nie ver van Bethlehem vandaan  
en effe aan die pad s'n kant —  
net soos dit in die Bijbel staan —  
styg, oosters-swaar van messeltrant.

die monument vir moederleed  
gestig deur Ismels bastersaad;  
grijs-oud, en tog nog jong, gemeet  
met Jakob s'n herdenkingsdaad.

Vier witgekalkte mure draag  
'n kleine, witte koepel-kring,  
waartegen blits die sonnevlaag  
als om geweldig in te dring.

So wil ik ook naarbinne dring  
en grafgeheime gans deurvors;  
langs weg van sterke 'erinnering  
inbeur in stroewe aardekors.

Dog te vergeefs. Als sonneskijn  
so kets mijn denking buite af.  
Maar nes sonwarmte daal tog mijn  
aanvoeling dieper in die graf.

Geheimnis hier is baing groot :  
'n vrou nie slegs tot nábij, maar —  
sigself wil stort tot ín die dood  
om twaalfde patriarch te baar.

Opdat sijn groot geslag sal bloei  
sij sig ten offer willig leg;  
haar lewensbloed die are ontvloei  
haar lichaam sink in doodsnag weg.

## DIE BREEKWATER.

k staan graag op die sware konkreet-  
[blokke  
at skuins en dwars lê teen malkander aan  
er in die see, nes ruwe kranse-brokke  
at van 'n reusgebergte is afgeslaan.

ondom hul is gevreesde waterspoeling,  
olwe omhoog gekrul van woede-nijd,  
ondom vervarelike skuimbesoeling  
an kaak, wat brullend in die brok-skeur  
[bijt.

k sien alhier, aldaar die diepe holte —  
ie suigingsmote van die watermuil;  
haarin al eenge brokke, halfgesmolte,  
ar afsak is naar ingewande-kuil.

logtans versink hul williglik hul lijwe  
n williglik hul eeuwe sijn inboet,  
pdat mijn wankle voetstap sou beklijwe,  
n dat 'n wal sou oprijs uit die vloed,

waaragter grote skepe veilig wandel  
met kostbre menselewens rijk befrag;  
en veilig 'bliei die owerseese handel,  
waaruit sig voed 'n ganse mensgeslag.

---

Ik denk opnuw aan al die graaggetroue  
stil-wesens met hul somber swart gewaad:  
'k herdenk opnuw die duisende van vroue  
wat will'ge lijf versink in lijdensdaad.

Ik sien vol-sterk hul sware lijfs-gewrigte,  
wat mild deur son en veld gekoester werd.  
Maar nou hul strenge mart'laars-aangesigte,  
smart ingetoom, staar in die blinde vert!

So sink hul swijgend aldeur dieper, onder  
die golwe, wat als ondier sper hul bek,  
en o'er hul prooi lê brul als verre donder  
en gulsig sig die skuim van baktand lek.

Hul sink, een na die ander. Als slagorde  
kom oorlogsgolf dood-dreigend aangewoed.  
Hul sink en sink, totdat 'n wal kan worde,  
waarop 'n nuwe volk rijs uit die vloed.

## DIE EEUWE EN EEUWE HET VERLOOP.

Die eeuwe en eeuwe het verloop.

Israël gaan in ballingskap :  
Die vijand kom, 'n grote hoop,  
om Isrel op die kop te trap.

Intusse was steeds voortgeplant  
die mooi gerug, en oergeërf  
hoe Rachel kinders liefhad, want  
sij 't net vir hul geleef, gesterf.

Og als dan kom die krijgsellend,  
als mans gerijg word aan die spies  
en vrouens vreselik geskend —  
wat sal dan wees die kindertjies ?...

Hul ogies, wat nog nooit aanskou  
het oorlog, weet nie hoe en wat;  
hul kijk so lief-onnosel, nou  
die vijand aan die armpies vat

om te verpletter teen dierots!...

Dié wredeheid aan die hemel raak,  
en teen die aard so skriklik bots  
dat Rachel uit grafslaap ontwaak!

Bij nagtlik uur stijg sij alleen —  
'n blanke skim — langs heuwelwand  
om daar gans bitterlik te ween,  
sodat dit klink van rand tot rand :

, 'n Stem in Rama is gehoor,  
geklaag, geween, bitterlik seer.  
Rachel, die moeder Isrels, o'er  
haar kinders huil — hul is nie meer!>

---

So 't Rachel's skim al maar gedaan...

Dog ik aanskou al jare lang  
lewende Rachels bergwaarts gaan  
om daar te klaag hul klaaggesang.

Nee meer, ik sien bij stille nag  
uit hulle grafkuil altemaal  
moeders oprijs. 'k Hoor weegeklag  
sterf-slepend langs die heuwels dwaal,

tot weeklag weer aan weeklag naak,  
samegesmelt, één lijdenswoord,  
Rachel weer uit haar graf ontwaak  
en klaag die eeuwe-klaagakkoord !

'n Stem word oweral gehoor,  
geklaag, geween, bitterlik seer :  
Rachel, al-lijdens-Moeder, o'er  
haar kinders huil — hul is nie meer.

### TRANE.

Regendruppels is die tolk  
van 'n swaargeperste wolk.  
Omgewentel, wind-verwrонge,  
word sij van die storm gedronge,  
tot in kristallijne straal  
druppels op die akker daal. —  
Als dan uit die bruine voor  
groene koring-kiempies boor  
en die land van halme huppel —  
dank dan blij die regendruppel,  
dank die swangre onweerswolk  
vir die tallose akker-volk.

Druppels dou met tintellag  
is die tolke van die nag,  
swart van strijd, al swarter, banger  
tot sij gaan van daagraad swanger,  
tot sij ledig gaan weer heen  
in haar doudroppe uitgeween. —  
Als dan al die grassies dans  
in die eerste daggeglans  
nes 'n Soeloe keur-kolonne,  
ieder met 'n purpre sonne —  
dank dan blij die donkre nag,  
wat die vreugd het voortgebrag.

Sweetdruppe is die man sijn vloek,  
wat sijn brood in d'aarde soek.  
Als, met sware saaierskrede  
saaiend hij kom aangetrede,  
val, voordat sijn kroos kan eet  
dikke druppels aanskijnsweet.  
Bloeddruppe is die wilde spraak  
van 'n hart wat helde maak.  
Grillig-rooi nog, uitgevare  
uit die dikke, blouë are,  
of al in die stof verswart —  
wat 'n sprake uit manne-hart!

Maar die vrou haar sielsbegeer,  
innerlike kragtsverweer;  
maar die vrou haar taal is trane.  
Van allenig uitgestane  
kwellings, diepe moederkwaal  
spreek haar silwere ogetaal.  
Trane, trane diepe wel,  
wat van dieptes mij vertel!  
Trane is silwere gebede,  
diamante uit donkerhede,  
reine boodskap van wat sij  
heimelik om kinders lij.

Dank die saaier, wat ons voed.  
Dank vir vrij-sijn — heldebloed.  
Maar ik dank die moedertrane,  
sade van nuw-opgestane  
nasie... 'k Sien haar trane lag  
deur die glans van nuwe dag!

## RACHEL DIE WEEN ONTROOSTELIK.

Rachel die ween ontroostelik —  
'n duif van hoge toring-nok  
uit veil'ge nes wreed opgeskrik  
en op die stormbaan voortgeskok.

Sij is 'n kranke kind, wat nie  
gewieg wil wees, gesus, gekus,  
maar wegbeur van die moederknie,  
waarop dit eers het uitgerus...

Bij rukke kan dit saggies gaan  
gelijk 'n rukwind wat bedaar.  
Maar dan begin van vooraf aan  
Rachel haar nagtelik misbaar...

Dán rus sij, als die Héére seg :  
"Bedwing jou stem, geween so sterk;  
veeg van jou oog die trane weg,  
want daar is loon vir al jou werk.

*Want die oorlaer is gedryf*

Jou barensarbeid 's nie verniet,  
jou loon is groot, so seg die Heer :  
Ik sien en weeg moederverdriet,  
jou kinders — hul kom almal weer !”...

Ja, daar 's g'n ander troos nie dan :  
siehier, ik gee jou alles weer !  
Daarom g'n mens ons trooste kan  
en troos allenig God die Heer.

Die blinde kry weer sijn gesig,  
sijn akker wie is akkerloos.  
Kinder-beroofde Rachel sig  
weer sien omring van rijke kroos.

Dan is sij als die moege duif—  
eers haastig uit die boom gevlieg—  
wat nou gerus die nes inskuif  
en van die stormwind sig laat wieg.

Dan is sij als 'n kind gerus,  
wat gapend albei armpies rek,  
wat sig van moeder nou laat sus  
of lieflik lê te trekke-bek.

---

Beminlik beeld van boere-vrou  
met kinders letterlik o'erdek :  
éen op die arm, één vasgehou  
en één wat aan die rok loop trek.

Aanminnig beeld van kinderrijk,  
afgunstig nooit maar altijd blij  
als uit die verre newel-wijk  
altijd weer enetjie kom bij...

Pleit ik besorg : "gee mij maar één!"  
wat of sij dan verwonder kijk.  
Eg-moederlik mij afwijs : "geen!  
mijn kinders is mijn koninkrijk."

o Koninkrijk van jonge bloed  
en tog so oud als wereldsduur,  
waarteen die Dood die ergste woed,  
tiranne veg met swaard en vuur!

o Onverwinbre moederskoot!  
Geblakerd deur die oorlogsvlam,  
maar al weer spruit 'n nuwe loot  
uit onverdelgbre lewenstam!

o Vrou, ook moet die dood eens swig  
vir jou, wat dit gewaag het om  
paleise op afgrondskrans te stig  
van jong'lingskap en maagde-dom,

wat aldeur stand hou onverwrik  
en met hul spits die diepte o'erlag. —  
Wat ween jij nou ontroostelik  
als kinders weer word omgebrag?...

Jou strijd is seker, groot jou loon!  
Jou stille daad is streng gedug.  
Ons wije land word weer bewoon,  
die lug is vol kinder-gerug!

### DIE „MOEDER VAN PENSEES.”

Sij was die mooiste vrou van die dorp,  
dog wou g'n kinders hê, en gaan  
naar die tower-tante van die dorp.

Die spreek haar aldus aan :

„Hier is drie saadjies : één vir één  
laat hulle glij o'er die meul-rad heen.”  
Uit magere, droge hande vat  
sij die klein saadjies—en nog wat.

Nou drijf hul al drie, één vir één,  
die saadjies, o'er die meulrad heen.  
Sij hoor driemaal 'n kleine sug  
en gaan huiswaarts terug.

Die nag droom sij so wondersoet :  
uit droomwolk huppel haar tegemoet  
'n dogtertjie met haartjies blond,  
gesigge fris als die morrestond.

"Kom hier mijn skat, al mijn geluk,  
dat jou moeder jou aan haar hart kan  
druk !"

"Maar, moeder, ag ! ik lewe nie :  
mijn sieltjie het die stroom gevat  
en weggedrijf o'er die meul sijn rad !"

Die vrou ontwaak, die arms wijd-heen ;  
maar was net met haar man alleen.

Sij slaap weer in en droom weer soet :  
'n jonge vrouw kom haar in gemoet  
met kleine liefling op die arm.

"Breng hier die nekkie, rond en warm—  
grootmoeder wil in haar geluk  
'n kus diep in die nekkie druk."

"Maar, moeder, ag ik lewe nie.

Mijn siel en haar siel het die stroom gevat  
en weggedrijf o'er die meul sijn rad."

Toen word sij wakker, en voel alleen—  
twee siele saam o'er die meul-rad heen !

Weer slaap sij in ; sien sig vergrijs  
en om haar sterfbed, kringsgewijs,  
'n skaar van manne en vroue staan rond.  
"Kom nader nou, mijn nageslag,  
ondersteun jul moeder in sterwenstond!"  
"Ons kannie, moeder, moeder ag !  
Die stroom het al onse siele gevat  
en weggedrijf o'er die meul sijn rad!"

Meteen hoor sij 'n stem van ver :  
"Vervloek is die glanslose ster !  
Vervloek almee is die vislose see !  
Vervloek is die bron, wat g'n water uitwei !  
Vervloek is die boom, waar g'n knoppe aan  
swel!"

Die morre rijs. In die lig beweeg  
'n wereld haar nou dor en leeg.  
Die morreson is haar nie meer  
'n gele roosknop als weleer.  
Die blomme en kleure menigwerf  
haar uit die tuin het weggestroef.  
Haar lewenskrag het weggestroom.  
Sij wandel nou als in 'n droom  
en wie haar in haar rou sien aan  
sê : daar die "Moeder van Pensees" gaan.

Want haar pensee-blomme alleen nog bloei.  
Drie neem sij als die maan weer groei  
en laat hul een vir een  
wegdrijf o'er die meulrad heen.  
Toen ik vergeet-mij-nietjes bied  
sê sij : nee, g'n vergeet-mij-niet  
vir wie het nooit bestaan—  
pensees \*) send ik hul agteraan !

---

\*) Pensee bet. gedagte.

## **DAAR LE DIE BLOKKERIGE STAD.**

Daar lê die blokkerige stad,  
Bethlehem in sijn witte prag  
en eenvoud, waarheen is op pad  
twee wesens skugterlik op wag

vir Heil'ge, wat naar engelwoord  
die Moedermaagd sal baar, en wat  
uit Dawids oue stam kom voort  
in Bethl'hems poorte, Dawids stad.

Maria reis dieselfde weg,  
wat swangre Rachel het gegaan.  
Die graf wat aan haar sijde leg  
spreek — en Maria's hart verstaan !

Weldra gaan sij in moederpijn.  
Dan sal, die koppe bijmekaar  
en in grote oge lampeskijn,  
die diere dom-verwonderd staar

op Jezus-kindjie bij die voer  
en jonge moeder herbergloos!...  
Toneel wat wereldhart nóg roer,  
lijdende moeders nóg vertroos.

Maar nie Herodes. Wat beklem  
sijn siel dat hij met swaardgeweld  
die kindertjies van Bethlehem  
laat slag in Rachels stad en veld,

nes jonge kalfies—spene-ontruk,  
die tongetjies nog witgeverf  
van moedermelk, nou vasgedruk  
en al die nek-are afgekerf?...

Herodes' siel is sonde-siek  
en d'oordeelsklok lui bo zijn kroon!  
Dies kinders sterf om politiek,  
om stijwing van 'n wrakke troon...

En toen's vervuld geword die woord  
wat Jeremia profeteer:  
'n Stem in Rama is gehoord  
Rachel beween haar kinders weer.

Eoolse harp in vensterraam  
gevoelig span die snare uit;  
kom winde-sug, dan klaag sij saam  
eenselfde toon- en maatgeluid.

En Rachels wonderteer gemoed  
is harpetuig van kinder-stem  
als hulle kerm uit mart'laarsbloed,  
dan dwaal haar klag om Bethlehem.

Rachel, ik weet wat ween jij so.  
Og, kindertjies is reeds vir mij  
'n glimlag van mijn God daarbo,  
wat 'n gevloekte aard' verblij.

'k Verstaan jou radeloos gesmeek--  
die kinders is jou ingewand,  
klein plantjies in jou bloed gekweek  
en in jou arms toen uitgeplant.

Maar ween nie langer so bedruk.  
Hij het gekom, Hij het gekom!  
Hier's moederloon, moedergeluk.  
Satan die buig sig diep en stom!

## KERSLIED.

Hoe sal ik U besinge,  
Geborene in die grot—  
als mede-sterweling  
of als mijn eeuwge God ?...  
U als die diep-Verloorne  
in grot-nag van die tijd  
Of U als Ongeboorne  
Vader van d'eeuwigheid ?

Sal 'k melde van Uw kleinheid  
Uw dofheid, diep gedaal,  
of van die glanse-reinheid,  
wat van uw eng'le straal ?  
Sal 'k menge in hulle range  
en sing hul vredelied ?  
Of klaag die klaaggesange  
van Rachel in verdriet ?...

Sal ik U sing Verwagting  
van verste heidendom ?  
Of U diepe Veragting,  
vir eige volk gekom ?  
Van sterrelig in d'Ooste  
vir troue sterrewag ?  
Of menigte ongetrooste  
bij Uw morgende dag ?...

Van hom wat U wil dode —  
slagskaduw o'er Uw wieg :  
Of haastige engelbode  
reddend U toegevlieg ?...  
Waarskuwinge bij nagte,  
en U, d'alwijsheid tog !  
Meester van eeuwge kragte  
en vlugtelinge nog !

U, Kind van blije wee'e  
Maria's benedijd —  
om slangkop te vertree'e.  
Heere van Heerlikheid ?...  
Of, Soon van smart'lik skreie —  
Rachels Ben-Oni dan ?  
Begin van groter lije,  
van Worm en Smarte-man ?...

Eers die gekwelde moeder,  
dan die gekwelde Soon,  
totdat God, Sijn Behoeder,  
Hom wegruk naar die Troon!  
Dan weer die arme Vroue,  
Rachel in baar-ellend  
om Godsrijk, treur-getroue  
aanworstlend naar die end!...

Hoe sal ik U besinge  
Geborene in die grot —  
als mede-sterwelinge  
of als mijn eeuwge God?...  
Mijn hoof buig als die Wijse,  
onkundig, stil, tevree;  
mijn hart laat voor Hom rijse  
goud, mirre en wierookbee.

## IK HET GESING VAN LANG VERLEE.

Ik het gesing van lang verlee,  
van net één moeder en haar pijn.  
Langsaam die druppel werd tot see,  
versameling van wilde wee  
en... salig sijn!

Ik het gesing van kort gelee :  
duisende martelaartjies lij  
die hongerdood met moeders mee  
en laat die bree'e lijdensee  
rijs in getij.

Stil-lijde kom uit verst verlee  
en blijf die wereldwiss'ling bij,  
gelijk swijgende skaduwee  
hom, wat die middaglig betree  
steeds gaan ter sij.

Maar is die skaduw weer verlee,  
dan rijs hul beeld als marmer puur,  
so teer, so onverganklik mee;  
want hulle lijde is hardste wee  
en... mooist verduur!

Nou sien ik rijs uit jongs verlee  
'n Rachelbeeld, suiwerlik blank.  
Ik sien op stille boerestee  
'n ander Jakob, oud van wee  
en lewenskrank.

Sijn siel nog vol van smart-verlee,  
die reusgestalt' weer opgerig,  
het hij vir vroue- en kinderwee  
grafteken en herdenkingstee  
groots ons gestig.

Sijn oog is swaar van smaad-verlee,  
maar hopend ons sijn vinger wijs  
daar waar hoog-slank—'n stene bee!—  
standvastiglik uit koppies-see  
gedenknaald rijs.

Sal ons vergeet 'n treur-verlee?...  
O'er so 'n volk, so laf-ontrou  
roep al die heuwels, smadend : Wee!  
**Maar** troue skaar roep : „Nimmer! Nee!”  
“Ons sal onthou!” ?

## AANTEKENINGE.

---

- Bls. 14. *Vermenigvuldig vee en goed.*  
Sie Gen. 32:10.
- Bls. 15. *So druk hij nog die opperst' van.....*  
Hebr. 11:23.
- Bls. 27. „*Als ik van Paddan het gekom.*”  
Gen. 48:7.
- Bls. 29. Sie Novalis' Hymne an die Nacht I.
- Bls. 49. *Wat wegraak moes hij skade lij.....*  
Gen. 31:39.
- Bls. 54. Om eens die Pronksteen hoog te draag  
Zach. 4:7.
- Bls. 59. *Salig in kindertjies te baar.*  
I Tim. 2:15.
- Bls. 69. *Gestig deur Ismels bastersaad, di. die*  
*Mohammedane.*
- Bls. 83. „*Moeder van Pensees*”, 'n digterlike  
bewerking van Baring Gould's  
“Mother of Pensees” in sijn verhale  
*Ghosts.*
- 

**Alle regte voorbehou.**

31/10/2011

Ferdinand Postma-Bibliotek



010255322K

Lees ook hierdie Verse van Totius:

*Wilgerboom-bogies*

*Verse van Potgieters Trek*

*Bij die Monument*

(Nog enkele eksemplare voorhanden).